

20 Januarie

Skrifgedeelte: Jeremia 29

Fokusgedeelte: Jeremia 29: 5-7

God se wil vir vreemde omstandighede

Die volk van God beleef 'n slegte tyd in hulle bestaan: Hulle is in ballingskap (Jer 29: 1). Die Babiloniërs het die volk van God fisies uit hulle land na hulle eie land weggevoer. Gelowiges is weggeskeur van hulle huise, besittings, werk, familie en hulle grond. Hulle moet nou in 'n vreemde land gaan woon. Alles daar is vir hulle vreemd en onbekend. Hulle ken nie die taal nie, hulle ken nie die omgewing nie, hulle ken nie die dorpe en kultuur nie. Vir die volk was dit 'n verskriklike ervaring (Ps 137:1): "By die riviere van Babel, daar het ons gesit, en ons tranes het gevloei as ons aan Sion dink." Wat verwag God van sy kinders in hierdie omstandighede waar hulle in 'n heidense omgewing onder 'n heidense regering moet lewe? God gee opdrag in Jeremia 29:5-6: "Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie." Wees positief besig, ten spyte van jou ontwigte lewe. Lewe die lewe soos in normale omstandighede. Bou huise en bewoon dit! Lê tuine aan. Trou en bring kinders in die wêreld. Bevorder selfs die (heidense) gemeenskap waarbinne jy lewe se belange (Jer 29:7): "Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange." Hou Jeremia 29:11 in gedagte: "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!" Onthou, ons lewe en toekoms is deur God beplan en hy is besig om sy plan in my lewe uit te voer. Lewe positief in slegte omstandighede!

Sing: Psalm 137:1, 2, 4 Dr AL Rheeder (Pietersburg)